PROVINCE OF WESTERN CAPE

Provincial Gazette Extraordinary

6165

Monday, 6 September 2004

Registered at the Post Office as a Newspaper

CONTENTS

*(*Reprints are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001.)*

No. Page

Provincial Notice

176 Western Cape Provincial Treasury: Amendment of allocations to municipalities not listed in the Division of Revenue Act, 2004 (Act 5 of 2004)..... 2

PROVINSIE WES-KAAP

Buitengewone Provinsiale Koerant

6165

Maandag, 6 September 2004

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

INHOUD

*(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001.)*

No. Bladsy

Provinsiale Kennisgewing

176 Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie: Wysiging van toekennings aan munisipaliteite nie gelys in die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2004 (Wet 5 van 2004)..... 2

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notice is published for general information.

G. A. LAWRENCE,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 176/2004 6 September 2004

WESTERN CAPE PROVINCIAL TREASURY

AMENDMENT OF ALLOCATIONS TO MUNICIPALITIES NOT LISTED IN THE DIVISION OF REVENUE ACT, 2004 (ACT 5 OF 2004)

I, Lynne Brown, in my capacity as Provincial Minister of Finance, Economic Development and Tourism hereby publish the attached schedule in terms of section 17(5) of the Division of Revenue Act, 2004, (Act No. 5 of 2004) which stipulates that, despite anything to the contrary contained in any law, a provincial treasury may, in accordance with any reporting framework determined by the National Treasury, make allocations to municipalities that were not, in terms of subsection 17(1) of this Act, included in Provincial Gazette Extraordinary No. 6119, dated 1 April 2004. Any changes in allocations contemplated must first be published in the relevant Provincial Gazette before any transfers can be made. Therefore, the original schedule is hereby amended in line with the approved business plan related to the ''Local Government Capacity Building Fund Grant''.

LYNNE BROWN, PROVINCIAL MINISTER OF FINANCE, ECONOMIC DEVELOPMENT AND TOURISM

DATE: 2 September 2004.

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

G. A. LAWRENCE,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 176/2004 6 September 2004

WES-KAAPSE PROVINSIALE TESOURIE

WYSIGING VAN TOEKENNINGS AAN MUNISIPALITEITE NIE GELYS IN DIE WET OP DIE VERDELING VAN INKOMSTE, 2004 (WET 5 VAN 2004)

Ek, Lynne Brown, in my hoedanigheid as Provinsiale Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, publiseer hiermee die aangehegte skedule ingevolge artikel 17(5) van die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2004, (Wet Nr. 5 van 2004) wat bepaal dat, ondanks teenstrydige bepalings vervat in enige wetgewing, 'n provinsiale tesourie, in ooreenstemming met enige rapporteringsraamwerk soos deur die Nasionale Tesourie bepaal mag word, toekennings mag maak aan munisipaliteite wat, ingevolge subartikel 17(1) van die Wet, in die Buitengewone Provinsiale Koerant No. 6119 gedateer 1 April 2004, nie ingesluit was nie. Enige wysigings in toekennings moet eers in die relevante Provinsiale Koerant gepubliseer word, voordat enige oordragbetalings gedoen mag word. Gevolglik, word die oorspronklike skedule waarin die oordragbetaling as ongeallokeerd gepubliseer was, hiermee gewysig deur alle geallokeerde oordragbetaling aan munisipaliteite inlyn met die goedgekeurde besigheidsplan van die Plaalike Regering Kapasiteits-Boufonds te publiseer.

LYNNE BROWN, PROVINSIALE MINISTER VAN FINANSIES, EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

DATUM: 2 September 2004.

Name of allocation	**LOCAL GOVERNMENT CAPACITY BUILDING FUND GRANT**
Transferring Provincial Department	Department of Local Government
Purpose	To enable provinces to assist municipalities to expand their institutional capacity and improve their systems with a view to sustainable service delivery, as well as improving the financial and administrative capacity of the municipality.
Measurable Outputs	• Stabilise administrative and governance systems. • Improve financial management and reporting processes. • Provide training, technical support and infrastructure development. • Independent municipalities that are able to function in a positive cash flow situation. • Increased effective and efficient service delivery to the community.
Conditions	• The municipalities must submit a business plan to province. • The business plans will be evaluated in terms of the criteria stated below, before an approval letter is issued by Province. • An agreement must be signed between Province and the municipality and an agreement must be entered into between the service provider and the municipality before claims will be paid out—a tripartite agreement will also suffice. • Further conditions as set by the agreement and the approval letter.
Allocation Criteria	• Capacity building must be included as part of the scope in the municipal business plan. • The project must increase the cash flow of the municipality. • The project must improve the capacity of the municipality to deliver services. • The project must have a long-term impact on the viability of the municipality.
Reasons not incorporated in equitable share	In terms of section 154(1) of the Constitution of the RSA, 1996 (Act 108 of 1996), the national government and provincial governments, by legislative and other measures, must support and strengthen the capacity of municipalities to manage their own affairs, to exercise their powers and to perform their functions.
Monitoring System	• Submission of monthly reports as required in the Division of Revenue Act, 2004. • Quarterly report back meetings at the Provincial Department of Local Government. • Visits to municipalities and attendance of Steering Committee meetings at municipalities by departmental personnel.
Project Life	2004/05 financial year
Payment Schedule	Payment will be made in accordance with the submission of certified invoices by municipalities.

Category	**District Council**	**Number**	**Municipality**	**Allocation R'000**	**MTEF outer years R'000**	
				2004/05	**2005/06**	**2006/07**
B	DC5	WC053	Beaufort West	2 000		
B	DC3	WC033	Cape Agulhas	1 000		
B	DC1	WC012	Cederberg	1 500		
B	DC2	WC023	Drakenstein	2 500		
B	DC4	WC041	Kannaland	3 367		
B	DC5	WC051	Laingsburg/Prince Albert	500		
B	DC2	WC022	Witzenberg	3 000		
			TOTAL	13 867		

Naam van toekenning	**TOEKENNING VIR PLAASLIKE REGERING KAPASITEITS-BOUFONDS**
Oordraggewende provinsiale departement	Departement van Plaaslike Regering
Doel	Om munisipaliteite by te staan ten einde hul institusionele kapasiteit uit te brei en hul stelsels te versterk met die oog op volhoubare dienslewering, sowel as die verbetering van finansiële en administratiewe kapasiteit.
Meetbare uitsette	• Stabilisering van administratiewe en owerheidstelsels. • Verbetering van finansiële bestuurs- en rapportering stelsels. • Voorsien opleiding, tegniese ondersteuning en ontwikkeling van infrastruktuur. • Munisipaliteite wat onafhanklik in 'n positiewe kontantvloei situasie funksioneer. • Meer effektiewe dienslewering aan die gemeenskap.
Voorwaardes	• Munisipaliteite moet 'n besigheidsplan by provinsie indien. • Na die evaluering van die besigheidsplan, volgens voorgestelde toekenningskriteria, soos hieronder uiteengesit, sal 'n goedkeuringsbrief aan die munisipaliteit uitgereik word. • 'n Ooreenkoms moet tussen provinsie en die munisipaliteit gesluit word, sowel as tussen die munisipaliteit en die diensverskaffer alvorens eise uitbetaal kan word—'n drieledige ooreenkoms sal ook voldoende wees. • Verdere voorwaardes soos uiteengesit in die ooreenkoms en die goedkeuringsbrief.
Toekenningskriteria	• Kapasiteitsbou moet deel vorm van die bestek van werk in munisipale besigheidsplan. • Die projekte moet die kontantvloei van die munisipaliteit verbeter. • Die projekte moet die diensleweringskapasiteit van die munisipaliteit verbeter. • Die projekte moet 'n langtermyn impak hê op die lewensvatbaarheid van die munisipaliteit.
Redes nie vervat in billike verdeling nie	Ingevolge artikel 154(1) van die Grondwet (Wet 108 of 1996) moet die nasionale regering en provinsiale regerings deur middel van wetgewende en ander maatreëls die kapasiteit van munisipaliteite om hulle eie sake te bestuur, hulle magte uit te oefen en hulle funksies uit te voer, ondersteun en versterk.
Moniterings-meganisme	• Die indiening van maandelikse vorderingsverslae soos verlang in die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2004. • Kwartaallikse rapporteringsvergaderings by die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering. • Besoeke aan munisipaliteite en bywoning van Projekomiteevergaderings by munisipaliteite deur departementele personeel.
Geraamde tydperk	2004/05 finansiële jaar.
Betalingskedule	Betalings sal geskied na indiening van gesertifiseerde fakture deur munisipaliteite.

Kategorie	**Distriksraad**	**Nommer**	**Munisipaliteit**	**Toekenning R'000**	**MTUR buite jare R'000**	
				2004/05	**2005/06**	**2006/07**
B	DC5	WC053	Beaufort-Wes	2 000		
B	DC3	WC033	Kaap Agulhas	1 000		
B	DC1	WC012	Cederberg	1 500		
B	DC2	WC023	Drakenstein	2 500		
B	DC4	WC041	Kannaland	3 367		
B	DC5	WC051	Laingsburg/Prins Albert	500		
B	DC2	WC022	Witzenberg	3 000		
			TOTAAL	13 867		

SOUTH AFRICA FIRST –
BUY SOUTH AFRICAN
MANUFACTURED GOODS

SUID-AFRIKA EERSTE –
KOOP SUID-AFRIKAANS
VERVAARDIGDE GOEDERE

Printed by Creda Communications